

12 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 7:6-23

Fokusgedeelte: Lukas 7:12b

Wanneer twee stoete kruis...

Twee stoete kruis: Op die kruising is dié een op die hoogtepunt van *hoop*, die ander in 'n dieptepunt van *wanhoop*! Die hoop in die een stoet is die gevolg van die groot wonderwerk wat plaasgevind het nadat die Here slegs 'n woord gespreek het! Dit is die hoop wat die groot geloof van die offisier in die harte van die mense laat leef! In die ander proses is daar wanhoop oor die droewe vooruitsig om die lyk van 'n weduwee se eniggebore seun in sy uitgekapte graf te lê! Vir hierdie weduwee is daar geen hoop meer nie. Haar laaste sekuriteit, haar versorger, beskermmer en hoop op 'n nageslag is finaal verby en dood soos die dooie seun op die draagbaar!

Hoop en wanhoop ontmoet mekaar by die poort! God beskik dit so! Die poort is die deur na seën of vervloeking. Buitekant die poort is die plek van dooies en verworpenes. Daarbinne is hoop en lewe! Dit is waar die Here as die gebieders, heersers en eienaars, as die eniggebore Seun van God hoop en sekerheid gee! As 'n vervloekte en uitgeworpene buite die stadspoort waarborg Hy *hoop en sekerheid* aan elkeen wat Hom as sy eienaar erken.

Hy, die heersers oor die dood, bring deur sy almagswoord die prooi van die dood – 'n rede tot wanhoop – terug in die lewe!. Hiermee help Hy nie net 'n weduwee in haar korttermynnood deur haar seun aan haar terug te gee nie, maar openbaar Hy Hom ook aan elkeen as die antwoord op alle wanhoop en twyfel. Hy is die Messias, ons Here. Aan elke gelowige wat deur omstandighede oorweldig word, gee Hy 'n nuwe visie! Deur sy oorwinningswoord lig sy Gees elke wanhopige uit die dieptes van wanhoop na die hoogtes van hoop, ongeag die omstandighede!

Sing: Psalm 43:4,5 Ds SFF van der Walt (Queenstown/Dordrecht)